



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|-------|--|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | Hermeneutiek | (2) |
| | 1.1.2 | Apokriewe | (2) |
| | 1.1.3 | Theravada | (2) |
| | 1.1.4 | Talmoed | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | Goue reël | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Dit is 'n universele etiese reël. • Dit is die reël wat in bykans alle godsdienste en ander etiese stelsels gevind word. | (4) |
| | 1.2.2 | Godheid | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Hierdie begrip verwys na 'n heilige wese of Opperwese. • Dit beteken ook 'goddelik'. | (4) |
| | 1.2.3 | Misjna | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Misjna verwys na die mondelinge Tora wat van een generasie na die volgende oorgedra is en later op skrif vasgelê is. • Die Misjna beteken ook eenvoudig 'lering'. | (4) |
| | 1.2.4 | Vergelykbaarheid | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Dit beteken om in staat te wees om twee dinge te vergelyk, bv. om twee godsdienste te kan vergelyk. • Vergelykings kan eksplisiet of implisiet wees. | (4) |
| | 1.2.5 | Uniekheid | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Uniekheid is die eienskap om uniek of ongewoon te wees. • In Religiestudies beteken dit dat elke godsdiens uniek of merkwaardig is. | (4) |
| 1.3 | 1.3.1 | Onwaar | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Die Eucharistie/Nagmaal is 'n sakrament wat deur die Christene gehou word ter nagedagtenis aan Christus. • Die Eucharistie/Nagmaal is nie van toepassing op die verering van die voorvaders nie. • Ukulanda/Umbuyiso is 'n ritueel wat ter nagedagtenis aan die voorvaders gehou word. | (4) |
| | 1.3.2 | Onwaar | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Die interpretasie van normatiewe bronne is op alle godsdienste van toepassing. | (4) |
| | 1.3.3 | Onwaar | |
| | | <ul style="list-style-type: none"> • Die filosofie van Karl Marx is 'n sekulêre wêreldbeskouing (kommunisme), in teenstelling met godsdiens. | (4) |

1.4	1.4.1	E		
	1.4.2	G		
	1.4.3	D		
	1.4.4	C		
	1.4.5	F	(5 x 2)	(10)
			TOTAAL AFDELING A:	50

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1	2.1.1	Moksha		
		<ul style="list-style-type: none"> • Die spirituele doelwit van mense om die siel te bevry. • Die spirituele doelwit van mense tot die hergeboorte van die liggaam sodat sy eenheid met Brahmin gerealiseer kan word. • Die hoogste staat waarin die mens bewustheid kan bereik. • Die staat waarin God geken word. 		(4)
	2.1.2	Kanon		
		<ul style="list-style-type: none"> • Die bepaling van boeke wag gesag in a godsdiens het. • Dit is omdat mense glo dat dit geïnspireer of geopenbaar is, of omdat dit as sodanig verklaar is. • Die woord het oorspronklik na Christelike en Joodse geskifte verwys, maar dit verwys nou ook na versamelings heilige tekste in ander godsdienste. 		(4)
	2.1.3	Mite		
		<ul style="list-style-type: none"> • Die woord beteken 'fabel'. • Verwysing na godsdienstige stories waarin dieper waarhede oor die lewe onthul word. • Mites probeer nie noodwendig 'n morele stelling maak nie. • Mites kan die basis van lering en dogma vorm in sekere godsdienste. 		(4)
	2.1.4	Vergelyking		
		<ul style="list-style-type: none"> • Vergelyking verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord. • Dit bevat godsdienstige oortuigings, idees, morele waardes en waarskuwings. • Dit speel af in die kulturele en sosiale omgewing van die mense wat dit skep. 		(4)
	2.1.5	Identiteit		
		<ul style="list-style-type: none"> • Dit beteken dat die godsdiens individualiteit of 'n sekere persoonlikheid het wat dit van ander godsdienste onderskei. • Dit beteken die bevestiging van die waardigheid en waarde van 'n godsdiens. • Erkenning van wie ek, ons en ander mense is. • Dit beteken 'n eksklusiewe godsdienstige identiteit waarin mense sterk identifiseer met die oortuigings en doktrines van die godsdiens en dit as baie belangrik in hul lewens beskou. 		(4)

- 2.2 2.2.1
- Kommunikasie met die voorvaders deur die ritueel van diereoffers is 'n unieke kenmerk van Afrika Tradisionele Godsdienst.
 - Voorvaders het die mag om siekte en rampe, maar ook geluk en gesondheid te veroorsaak.
 - Wanneer mense doodgaan, word daar geglo dat hulle by die geesteswêreld aansluit.
 - Die deel van 'n gemeenskaplike maaltyd, sodat die lewendes met die voorvaders kan kommunikeer.
 - Dit het nie 'n heilige teks nie. Leringe en rituele word mondeling van een generasie aan die volgende oorgedra.
 - Daar is geen spesiale dag van aanbidding nie. Die rituele self word eerder as heilig beskou.
 - Baie is stamgebonde.
 - Bejaardes, beide mans en vroue ('oogogo', 'nomkhulu') is belangrike leiers in Afrika Tradisionele Godsdienst.
 - Afrika Tradisionele Godsdienst plaas meer klem op die gemeenskap as op die individu.

(10)

- 2.2.2
- Alhoewel Afrika-godsdienste sekere kernoortuigings deel, verskil hulle volgens ligging en plaaslike kultuur.
 - Die Aka-godsdienst word in Sentraal-Afrika beoefen. Onder die Aka-stamme is daar baie verskillende oortuigings, alhoewel 'n paar patrone die godsdienste van die verskillende stamme verenig.
 - Alhoewel die Aka-volgelingen in die skeppergees, Bembe, glo, glo hulle ook dat Bembe kort na die skepping uit skeppingswerk onttrek het.
 - Hulle glo in reïnkarnasie, maar net binne die menslike vorm.
 - Die Ama-Zulu-godsdienst erken die bestaan van 'n Opperwese genaamd uMvelinqangi.
 - uMvelinqangi is so ver verhewe dat hy nie direk genader kan word nie. Alle kommunikasie vind deur die voorvaders plaas.
 - In die Aka-godsdienst word dans en sang gebruik ter ere van Dzengi om 'n suksesvolle jagtog te verseker.
 - Die Yoruba erken die bestaan van 'n Opperwese, maar hulle glo ook in godhede (gode) en die voorvaders.
 - Hulle het ook geheime gemeenskappe wat georganiseer word om die voorvaders te onthou.

(8)

- 2.3
- Volgelinge van die Baha'i-geloof glo dat Baha'u'llah die mees onlangse boodskapper van God is.
 - Sy koms word beskou as die begin van 'n nuwe era – een van vrede, geregtigheid en gelykheid.
 - Hulle het nie 'n teks wat uit heilige inspirasie ontstaan het nie.
 - Baha'u'llah het in sy leeftyd baie boeke geskryf. Dit staan gesamentlik as die *Tablette* bekend.
 - Hulle glo dat daar slegs een God is, en dat alle godsdienste die een God op verskillende maniere aanbid.
 - Hulle erken alle godsdienste.
 - Hulle organisasie en administrasie is uniek demokraties.

- Sake van hierdie gemeenskap word nie deur kerklede nie, maar deur verkose rade hanteer.
- Daar is nie interne verskille in hierdie godsdiens nie.
- Hulle glo dat hulle godsdiens eendag, in die verre toekoms, die enigste godsdiens sal wees.

(12)
[50]**VRAAG 3****3.1 Ek stem saam.**

- Statistieke toon wêreldwyd dat bywoning van godsdienstige funksies afneem.
- Die grootste afname was in Ierland.
- Volgelinge van ateïsme en sekulêre wêreldbeskouings neem wêreldwyd toe.
- Daar is 'n groter viering van kultuur as van godsdienstige oortuigings. Heilige dae word slegs as 'n ritueel gevier.
- Baie meer begrafnisse en troues (albei godsdienstige rituele) word bygewoon as gebedsbyeenkomste.

OF**Ek stem nie saam nie.**

- In die konteks van die verskeie sosiale euwels waarvoor ons vandag te staan kom, is daar 'n nuwe soeke na spiritualiteit, veral onder die jeug.
- Dit blyk duidelik uit die verskillende jeugkampe wat deur geloofsgebaseerde organisasies gereël word.
- Ouers wat godsdienstig is, se kinders is geneig om dieselfde godsdiens aan te neem.
- In Afrika word godsdiens as 'n belangrike deel van die lewe beskou.
- Dit is duidelik uit die groot aantal stedelike geboue wat as kerke gehuur word.

(10)

3.2 3.2.1 Skeiding van kerk en staat

- Dit word beskou as 'n groot stap na vryheid van intellek.
- Dominasie van enige een godsdiens in die staat lei tot die onderdrukking van ander opinies.
- Godsdienstige invloed oor die staat word as 'n oorsaak van konflik beskou.
- Oorloë word dikwels gevoer deur teokratiese state, bv. die Iran/Irak-oorlog, die kruistogte, ens.
- In die meeste moderne gemeenskappe het godsdienstige instellings nie dieselfde mag en invloed as wat hulle 'n honderd jaar gelede gehad het nie.

(4)

3.2.2 Godsdienstige skeptisisme

- Sekulêre humaniste aanvaar nie dat die bonatuurlike bestaan nie.
- Hulle bevraagteken die tradisionele geloof in God en goddelikheid, omdat daar geen wetenskaplike bewyse voor is nie.
- Hierdie tradisionele geloof in God is slegs vir 'n klein minderheid van die gemeenskap aanloklik. Die meerderheid is nie oortuig nie.
- Die verskeidenheid godsdienstige interpretasie veroorsaak baie verwarring.

(4)

3.2.3 Etiek gebaseer op kritiese kennis

- Sekulêre humanisme erken die sentrale rol van moraliteit in menslike bestaan.

- Etiek en moraliteit bestaan onafhanklik van godsdienstige norme.
- Mens kan godsdienst beoefen en steeds oneties wees, terwyl iemand met 'n sekulêre wêreldbeskouing die hoogste etiese beginsels kan volg.

(4)

3.2.4 Vrye ondersoek

- Dit word beskou as die eerste beginsel van sekulêre humanisme.
- Dit is noodsaaklik om die uitdagings wat die mens vandag ervaar, aan te pak.
- Die mens se kennis het geen perke nie, en die beperkings wat deur godsdienst, politiek, kultuur ens. gestel word, sal nie geduld word nie.
- Mense wat 'n sekulêre wêreldbeskouing volg, word nie deur godsdienstige of spirituele oortuigings gebind nie.
- Daar is demokratiese besluitneming wat op die meerderheidstem gebaseer is.
- Dit impliseer dat die meeste mense rasioneel is.

(4)

3.2.5 Wetenskap en tegnologie

- Wetenskaplike metodes en wetenskaplike redenering word beskou as die akkuraatste manier om die wêreld te verstaan.
- Kennis van die mens se plek in die heelal word deur wetenskaplike studie bepaal.
- Die mens word dikwels as niks meer nie as 'n gesofistikeerde dier beskou.

(4)

- 3.3
- Suid-Afrika is 'n sekulêre land.
 - Suid-Afrika word op grond van die Handves van Menseregte regeer.
 - Die Suid-Afrikaanse Grondwet laat vryheid van godsdienst toe.
 - Alle godsdienste word toegelaat om hul godsdienst vrylik te beoefen sonder die vrees van inmenging deur die staat.
 - Daar is godsdienstvryheid.
 - Tydens staatsfunksies domineer geen spesifieke godsdienst nie.
 - In staatskole is daar godsdienstvryheid.

(10)

- 3.4
- Die eerste kenmerk van dogma is dat dit twee vlakke van betekenis het.
 - Die eerste betekenis is 'n beginsel, leerstelling of stelsel hiervan, veral soos deur 'n kollektiewe godsdienstige gesag neergelê.
 - 'n Dogma word deur die kollektiewe godsdienstige gesag voorgelê as gegrond in goddelike openbaring.
 - Waar daar dogmas is, is daar kettere.
 - Dogma kan uitgedaag en verander word, indien nodig. Dit kan plaasvind alleen na deurtastende teologiese debat.
 - 'n Dogma is 'n kern of fundamentele lering, maar nie alle leringe is dogmas nie.
- Voorbeelde:
- In die Christendom het die Rooms Katolieke Kerk die maagdelike geboorte van Jesus as dogma aanvaar in 1859.
 - In Islam is daar geen God behalwe Allah nie.

LET WEL: Die kandidaat kan enige soortgelyke voorbeelde gee en moet daarvoor punte kry.

(10)
[50]

VRAAG 4**4.1 Ja**

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat. Alle godsdienste geniet gelyke status.
- Dit word ook in die media weerspieël.
- Godsdienstige feeste soos Ramadan, Kersfees, Diwali, Jom Kippoer word in die Suid-Afrikaanse media genoem.
- Televisieprogramme soos 'Issues of Faith' op SABC2 dek alle godsdienste in Suid-Afrika.
- Voor die eerste TV-nuusbulletin word elke godsdiens om die beurt 'n kans gegee om 'n inspirerende boodskap oor te dra.
- Op Radio Ukhozi FM word alle partye toegelaat om hul godsdienstige verskille uit te druk.
- Die Uitsaaiklagtekommissee van Suid-Afrika (UKKSA) ('BCCSA') ondersoek klagtes van godsdienstige of ander vooroordeel.

OF**Nee**

- Media-artikels is dikwels nie 'belangrike publieke sake' nie, maar eerder sensasionalisme.
- Verder ontvang die verskillende godsdienste in Suid-Afrika nie gelyke dekking nie.
- Die Christendom kry baie meer dekking as ander godsdienste.
- Dit word versterk deur spesiale Kersfees- en Paasfees-televisieprogramme.
- Dit word nie vir Eid of Diwali gedoen nie. Feeste van ander godsdienste kry baie minder dekking.
- In godsdienstige konflikte gee die media dikwels 'n bevooroordeelde siening.

(10)

4.2

- Godsdienste kry die meeste dekking vir irrelevante en negatiewe sake.
- Kontroversiële sake kry meer lugtyd (of spasie) as spirituele sake.
- Die politieke aspekte van godsdienstige idees en instellings kry die meeste dekking.
- Teologiese en spirituele vrae word selde as nuuswaardig aangebied.
- Indien godsdienstige leiers beskuldig word wandade is hulle hoofnuus.
- Daarenteen word godsdienstige leiers wat hul plig nakom om vir armes kos en klere te gee, nie as nuuswaardig beskou nie.
- Die uitsondering is toegewyde godsdienstige TV- en radiokanale soos Radio Veritas, TBN, Rheema Church, Islam TV, God's TV, ens.

LET WEL: Enige soortgelyke argumente moet aanvaar word.

(12)

4.3**4.3.1 Christendom**

- Geloof help Christengelowiges om die bestaan van God en erken en te bevestig.
- Geloof help Christene ook om volgens God se wil te leef.
- Geloof help die gelowige om die goddelik-onthulde geskryfte met begrip te lees.
- Geloof help die gelowiges om die aard van hul skepper, God, waar te neem, daarvoor na te dink en te probeer om dit te verstaan.

- Geloof verseker gelowiges van God se liefde en genade, wat in die Bybel beklemtoon word.
- Geloof bring hoop op lewe na die dood, ewige lewe.

(4)

Hindoeïsme

- 4.3.2
- Hindoeïsme sluit 'n groot verskeidenheid oortuigings en praktyke in.
 - Oortuigings moedig mense aan om in vrede saam te leef.
 - Oortuigings moedig Hindoes aan om volgens aanvaarbare morele waardes te leef.
 - Karma (die lewe wat jy nou leef sal die resultate bring – oorsaak en gevolg)
 - Die finale doelwit in Hindoeïsme is moksha of verlossing uit swaarkry, bejaardheid en uiteindelik die dood.
 - Oortuigings maak Hindoes bewus van die verhewe staat wat die menslike bewustheid kan bereik.
 - Oortuigings kweek vertrouwe en hoop op lewe na die dood.

(4)

- 4.4 Hulle almal glo:
- dat God die Heer oor alles is wat bestaan
 - in Sy Engele
 - In heilige tekste
 - In Sy Boodskappers
 - In die Oordeelsdag
 - In Goddelike Bevel, hetsy goed of sleg

(10)

- 4.5
- Boeddhisme kan in drie hoofvertakkinge verdeel word.
 - Die drie vertakkinge is Theravada Boeddhisme, Mahayana Boeddhisme en Vajrayana Boeddhisme.
 - Theravada Boeddhisme is die oudste skool van Boeddhisme.
 - Die ideaal in Theravada Boeddhisme is dat die individu 'n lewe van meditasie sal lei.
 - Die Mahayana Boeddhisme het ontwikkel nadat mense die leringe van Theravada Boeddhisme te moeilik gevind het om te volg.
 - Die Vajrayana Boeddhisme leer dat ons verligting deur geduldige meditering bereik.
 - Die Mahayana vorm nie 'n enkele groep nie.

(10)
[50]**VRAAG 5**

- 5.1 **Soedan**
- In die Soedan is die konflik nie godsdienstig van aard nie, omdat die meeste mense in Soedan Sunni-Moslems is.
 - Die regering het egter sy eie interpretasie van Sharia-wette.
 - Die Kartoem-regering is sterk, en word deur die 'National Islamic Front' (NIF) gelei.
 - Hierdie party gebruik militêre mag om Sharia-wette op die hele Soedan, insluitend nie-Moslems, af te dwing.
 - Dit kan beskou word as godsdienstige nasionalisme, omdat politiek gebruik word om 'n sekere godsdienstige interpretasie te versterk.

- Dit word nie in Islamitiese leringe toegelaat nie, omdat die Koran sê 'daar is geen verpligting in godsdiens nie'.
- Die noue interpretasie van godsdienstige leringe is 'n voorbeeld van hoe fundamentalisme konflik voed.
- Dit konflik is eerder etnies van aard.
- Die konflik is oor gebied en olie.
- Selfs na die verdeling in Noord- en Suid-Soedan duur grenskonflik en etniese konflik voort.
- Godsdiens is dus nie die oorsaak van die Soedan-konflik nie.

Die Israeli-Palestynse konflik

- Na die Tweede Wêreldoorlog was die Jode vasberade om hul eie tuisland te stig.
- Die konflik het begin met die stigting van Israel in wat toe Palestina was in 1946.
- Deur 'n aantal oorloë met die Arabiere, het die Jode die grense van wat hulle Israel genoem het, uitgebrei.
- Palestyne het beweer dat hul grond in terreuraanvalle deur Joodse bendes afgeneem is.
- Duisende Palestyne leef in ballingskap in ander dele van die wêreld. Hulle leef ook in vlugtelingkampe in Gaza en die Wesoewer.
- Israel het voortgegaan om nedersettings te bou op die grond wat hulle met geweld by Palestyne afgeneem het.
- Verregse Israeli's en Zioniste beweer dat Palestina volgens hul geskifte die eiendom van die Jode is.
- Hulle gebruik dus godsdiens as 'n basis vir hul aanspraak op die grond.
- Dit is 'n voorbeeld van godsdienstige nasionalisme, omdat die Likud-party aan bewind gekom het deur ekstremitiese sienings te bevorder.
- Fundamentalisme speel ook 'n rol, omdat dit 'n ekstreme interpretasie van die Joodse geskifte is wat gebruik word om die Jode se aanspraak op Palestina te regverdig.
- Palestyne het die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO) onder Yasser Arafat gestig.
- In die vroeë 1990's het die PLO verdeel en twee politieke partye (die 'Palestinian Authority' en HAMAS) is gevorm.
- HAMAS is gevorm uit godsdienstige nasionalisme. Hulle spirituele leiers is ook politieke raadgewers.
- Daar is geen bewyse van fundamentalisme onder die Palestynse politieke partye nie.
- Hierdie konflik is 'n voorbeeld van hoe fundamentalisme en godsdienstige nasionalisme konflik kan veroorsaak.

Noord-Ierland

- Noord-Ierland word deur die Verenigde Koninkryk regeer.
- Die bevolking bestaan uit beide Katolieke en Protestante.
- Vir baie jare het sommige Katolieke groepe vir onafhanklikheid van Brittanje geveg.
- Een van hulle is Sinn Féin.
- Hulle verkies vereniging met Ierland.
- Die Protestante in Ierland het egter teenstand gebied.

- Dit het 'n burgeroorlog veroorsaak wat onlangs eers beëindig is.
- Hierdie konflik kan beskou word as godsdienstige nasionalisme, omdat die Katolieke godsdienstige eenheid met Ierland wou hê.
- Dit kan ook beskou word as fundamentalisme, omdat daar 'n begeerte was om nie Protestante in die weerstand toe te laat nie.

(20)

5.2 Boeddhisme

- Hulle bevorder gedeelde menslikheid.
- Daar is die gedeelde strewe na geluk en die vermyding van lyding.

Christendom

- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie lering moedig mense aan om almal eenders te behandel.
- Jy mag nie moord pleeg nie: Dit verwys na die heiligheid van menslike lewe.

Islam

- Daar is geen verpligting om Islam te aanvaar nie – Dit beteken dat iemand se verklaring van sy geloof vrywillig en opreg moet wees. Dit laat vryheid van godsdiens toe.
- Die instelling van zakaat (welsyn) verseker dat basiese behoeftes vir kos, skooling en klere bevredig word.

Afrika Tradisionele Godsdiens

- Die beginsel van ubuntu moedig mens aan om hulp in die gemeenskap te verleen.
- In die gebruik van Ilima, help die gemeenskap diegene wat hulpbehoewend is.

LET WEL: Ander leringe wat met menseregte verband hou, moet ook aanvaar word.

(20)

5.3 Vir die doel van hierdie memorandum word die leringe van twee godsdienste bespreek. Die kandidaat moet egter gekrediteer word vir die bespreking van leringe uit enige ander godsdiens.

Boeddhisme

- Dit bevorder 'n gedeelde menslikheid (onselfsugtigheid).
- Daar is 'n gedeelde aspirasie om geluk te verwerf en om die lyding van alle lewende wesens te vermy.
- 'n Boeddhistiese credo lui as volg: 'Geen lewende wese, insluitend die mens, mag skade berokken word nie.'
- Boeddhisme het daarom nooit oorlog gebruik om sy leringe te versprei nie, aangesien dit 'n skending van basiese menseregte is.
- Hierdie godsdiens word bevorder deur diens aan die mens (klinieke, skole ens.).
- Boeddhisme laat vryheid van keuse in sosiale verhoudings toe: rituele van ander godsdienste mag beoefen word, maar die persoonlike oortuigings moet Boeddhisties bly.

Die Christendom

- 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'
- Hierdie lering moedig onselfsugtigheid aan./Behandel almal gelyk.
- 'Geseënd is die hand wat gee.'
- Hierdie lering moedig welwillendheid aan. Dit behandel die basiese reg van voedsel en skuing.
- 'Jy mag nie doodslaan nie.'
- Dit verwys na die heiligheid van die mens se lewe.
- 'Jy moet jou vrou liefhê soos jou eie liggaam.'
- Dit beklemtoon geslagsgelykheid.

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150